# *Die Algemene Armesorg, Ned. Geref. Kerk, K.P.*

*Voorsitter van die Kommissie:*
*Ds. D. P. van Huijssteen,*
*Montagu.*

*Sekretaris:*
*Ds. A. D. Lückhoff,*
*Stellenbosch.*

ant 24/1/37

*Stellenbosch,* 11 Desember 1936

Mnr.M.G.G.Visser, Scriba N.G.Kerk, Chubut,
Comodoro Rivadavia, Argentinie.

Waarde Broeder,

U het seker my brief van 16 Oktober ontvang en ook die brief van enige weke gelede met die Memo wat die A.A.Kommissie voor die Sinode gelê het en die besluit van die Sinode oor die saak van die repatriasie-beweging.

Alles het baie goed afgeloop met die behandeling van die saak deur die Sinode, en die vergadering was dan ook baie simpatiek gesind: die besluit deur die Sinode aanvaar moes met versigtigheid opgestel word om dit eenparig te laat deurgaan, want 'n eenparig besluit beskou ons as noodsaaklik met die oog op ons verdere optree in die saak.

Feitelik kom die besluit van die Sinode hierop neer dat die A.A.Kommissie, met volle toestemming en goedkeuring van die Sinode, nou 'n vrye hand het op die saak van die terugbring van die Afrikanerfamilies, in hande te neem. In ons Memo sal dit duidelik wees op watter lyne ons gedagte is om 'n skema te onderneem, en in my brief van Oktber het ek reeds aangedui hoe ons oor die saak dink.

Die Kommissie vir die A.A. sal sy vergadering hou op 9 Februarie en dan sal 'n konsep-skema vir goekeuring voorgelê word. Ek het Ds. Piek gevra om ons te help met die opstel van die konsep-skema.

Sodra ons eens is oor ons skema sal ons dit bekend maak aan die Kerk en algemene publiek, en 'n oproep doen om fondse. Waarskynlik sal ons Ds. Piek, met verlof van sy Kerkraad, versoek om vir 'n paar maande vir die saak te kollekteer.

U sal merk dat ons op klein skaal wil begin en vir ons ten doel stel om in groepies van twee en drie families op 'n tyd, die families te help om terug te kom. Die aandag sal natuurlik net gegee word aan sulke huisgesinne as wat ernstig voel oor die saak en vurig verlang om terug te kom. Die bedoeling sal nie wees om families wat self instaat is die koste te dra nie, met ondersteuning vir die passaat terug te help nie, maar ons sal in medewerking met die Regering sulke families tog met aanland hier op alle moontlike wyse bystaan en help om om 'n nedersetting plek te kry of om hulle te help om hulle familiebetrekkinge in S.Afrika te bereik.

Ek het u dan vandag- na aanleiding van u laaste brief aan Ds. Piek, die volgende kabel gestuur:- *Ds. Piek het my u brief vir insage gestuur.*

Visser, Box 75, Comodoro Rivadavia.

Resolution Synod our Committee will devise three year scheme to assist desirous families return homeland Government will help place families irrigation settlements

Die bedoeling is natuurlik dat dit bekend mag gemaak word onder die Afrikaners in Argentinië. Ons plan is natuurlik om nie net lede van ons Kerk in die saak te help nie.

Daar is net één ding wat ons teen moet waak en dit is om die mense in Argentinië nie onder verkeerde indrukke te bring nie, asof hulle- wat graag wil terug kom- nou somar alles moet los en dorptoe trek in die verwagting dat die Kommissie bereid sal wees om man-en-muis dadelik te help terug kom nie.

# Die Algemene Armesorg, Ned. Geref. Kerk, K.P.

Voorsitter van die Kommissie:
Ds. D. P. van Huijssteen,
Montagu.

Sekretaris:
Ds. A. D. Lückhoff,
Stellenbosch.

Stellenbosch, 1 19

Ek stel my die saak omtrent so voor!

1. Eeers die drie-jarige skema behoorlik opstel en in besonder hede uitwerk.

2. Medewerking soek by A.A.Kommissies van Transvaal en Vrystaat, en ook die Gereformeerde Kerk.

3. Fondse vir die skema insamel:

4. Ons Regering op hoogte van sake hou oor al ons planne en op swart en wit van hulle toesegging kry om nedersettinge in die drie Provinsies. Ons verwag ook dat die Regering die Kerk sal help met die aankoms van die groepies uit Argentinië, sodat vir hul onderhoud vir 'n beperkte tyd voorsiening gemaak word en skikkinge vir vervoer na die bestemde plek, wat natuurlik alles vooraf gereël moet wees. Geen familie wat onder ons skema terug kom, sal op losse voet kom nie. Die bestemming hier moet vooraf klaar gereël word.

5. Ons sal 'n skakel moet hê in Comodoro Rivadavia en waarskynlik sal die beste persoon wees die predikant wat ons aanstaande jaar sal stuur vir bearbeiding van die gemeente. Hy sal juis moet uitgesoek word met die oog op organisasie vermoë vir die werk.
Die Kommissie sal waarskynlik reeds In Februarie oorgaan om 'n predikant te stuur, en onder dieselfde voorwaardes as wat Ds.Kloppers gestuur is.

6. Die kwessie van vervoer van families van C.Rivadavia na Buenos Aires, is 'n netelige en sal die ernstige aandag eis.

7. Met die Skeepsmaatskappy Kaapstad sal in onderhandeling moet getree word om te passaat te reël tussen B.Aires en Kaapstad.

8. Daar sal 'n klein maar sterk plaaslike Komitee, met voorsitter die predikant wat ons stuur, moet benoem word, namens die A.A.Kommissie- ek sou se 'n kommissie van drie behoort genoeg te wees.
Dan sal ons seker baie gebruik moet maak van die kabel om oor en weer met mekaar te onderhandel - en gelukkig is die kabel tarief nou baie minder as voorheen- een sjieling en drie pence, per woord.

Ek sal bly wees om van u te hoor,

met vriendelike groete,

opreg die uwe,

A.D. Luckhoff.

# *Die Algemene Armesorg, Ned. Geref. Kerk, K.P.*

*Voorsitter van die Kommissie:*
*Ds. D. P. van Huijssteen,*
*Montagu.*

*Sekretaris:*
*Ds. A. D. Lückhoff,*
*Stellenbosch.*

*Stellenbosch,* 16 Oktober 1936

Mnr.M.G.G.Visser, Comodoro Rivadavia,
Chubut, Argentina.

Waarde Vriend en Broeder,

Ek was bly om u laaste twee briewe te ontvang en om te hoor van u welstand en dat u dogter Dora so herstel is dat u haar weer terug verwag.

Met baie groot belangstelling het ons op die terugkoms van Ds.Klopper gewag, en met sy aankoms in Kaapstad het Ds.F.S.Malan, die konsulent van die gemeente Chubut, en ek hom ontmoet en van hom 'n mondelinge verslag gekry van sy werk en van die toestande in die gemeente. Soos u ons in u brief voorberei het, was die rapport van Ds. Klopper nie baie rooskleurig nie.

By die vergadering van die A.A.Kommissie in Julie -waarvan u seker die Notule in Die Kerkbode gelees het - het ons 'n volledige skriftelike rapport van Ds.Klopper voorgelees en oorweeg. Na baie ernstige oorweging is toe besluit om die Sinode te vra om sy besluit van 1932 insake die Repatriasie Beweging, in hersiening te neem. Ook is besluit om die kwessie van die verdere geestelike bearbeiding van die gemeente Chubut te laat oorstaan tot die Sinode. Ook is aan die vergadering 'n rapport voorgelê van die deputasie wat by Generaal Hertsog was oor die kwessie van repatriasie. Die vergadering het Ds.Klopper hartelik bedank vir sy dienste in verband met sy besoek na Argentinië.

Dit was die vergadering ook aangenaam om van u te verneem dat die werk van Ds.Klopper baie op prys gestel word, en dat sy geestelike arbeid in die gemeente baie beteken het. Dit is ook aangenaam om van u namens die kerkraad en gemeente verseker te word dat die optree van die A.A.Kommissie ten behoewe die gemeente hoog op prys gestel word.

Ons merk dat die Kerkraad weer besluit het om ons Kommissie te vra om so goed te wees om voorsiening te maak vir die verdere bearbeiding van die gemeente.Ook verstaan ons dat die finansies van die kerkraad sodanig is dat die gemeente nie meer sal kan doen as wat beloof was met die besoek van Ds.Klopper. Ons verstaan goed dat, as ons weer 'n leraar stuur- hetsy as predikant van die gemeente of net as besoekpredikant - die Kommissie vir die salaris sal moet sorg en reiskoste, maar dat die kerkraad sal onderneem om die predikant tydens sy verblyf te voorsien van vry losies en vry vervoer in die gemeente, en dan ook sy reiskoste van C,Rivadavia terug na B.Aires. Dit verstaan ons heel goed. Ons waardeer dit baie dat die Kerkraad sy verpligtinge teenoor Ds.Kloppers stip en getrou nagekom het, en dit gee ons weer moed en vrymoedigheid om planne te maak vir die toekoms.

Die A,A.Kommissie het dan ook kennis geneem van die voorgenome besoek van Ds.Postma van die Gereformeerde Kerk na Argentinië en tyding is ontvang van sy veilige aankoms in B.Aires. Dit is ons 'n saak van grote dankbaarheid dat die Geref.Kerk besluit het om Ds.Postma te stuur want ons het meer as tien jare gelede 'n versoek aan die Geref. Kerk alhier oor die saak gerig.

Ons voel seker dat die besoek van Ds.Postma ook van betekenis en seen sal wees vir die lede van ons N.G.Kerk in Chubut, en behalwe dit, sal dit van groot betekenis ook wees insake die Repatriasie kwessie, want as hy ook oortuig word van die noodsaaklikheid van die Repatriaie en vir die saak in S.Afrika sal ywer, wanneer hy terug kom, sal dit die hande sterk van die N.G.Kerk as ons mag oorgaan om stappe in die rigting by die hand te neem.

2

# Die Algemene Armesorg, Ned. Geref. Kerk, K.P.

Voorsitter van die Kommissie:
Ds. D. P. van Huijssteen,
Montagu.

Sekretaris:
Ds. A. D. Lückhoff,
Stellenbosch.

Stellenbosch, .................................19.........

Een van die vernaamste faktore,wat bydra om die repatriasie beweging in die weg te staan,is die feit dat daar nog so'n verskil van mening is oor die saak. Sodra iemand hier in S.Afrika die saak bepleit word stemme gehoor wat die saak teenwerk en wat beweer dat die Afrikaners gelukkig is in Argentinië en glad nie wil terug kom nie.

Ek dink dat as die Sinode bereid is om sy vorige besluit in hersiening te neem, moet die aandag in die eerste plek gegee word aan die groep Afrikaners wat ernstig verlang om terug te kom. Die andere groepe -die wat minder sterk daaroor voel en die wat in geheel nie wil terug kom nie, moet ons vereers maar laat staan. Dit is ook 'n beweging wat, as hy eers aan die gang is, van self sal ontwikkel. Voorts is dit ons ook duidelik dat 'n repatriasie alleen prakties uitvoerbaar is, as dit as 'n proses,wat sal strek oor 'n geruime aantal jare, beskou word. Dit is buite kwessie om van 'n massa repatriasie te dink, ons moet liewer dink in terme van enkele huisgesinne wat van tyd tot tyd sal teruggehelp word, na gelang van omstandighede.

Met grote belangstelling sal ons nou moet wag en hoor wat die Sinode oor die saak besluit.

Vir u sal dit 'n saak van grote droefenis gewees het om van die dood van Ds.Hurter te hoor,en ek weet seker daar is baie vriende in Chubut wat sy heengaan diep betreur. Die Afrikaners in Argentinië en die gemeente daar het in hom 'n goeie vriend gehad en ~~[illegible]~~ ons sal hom baie mis by die Sinode. Die Here se weë is in hierdie saak baie duister.

Onder die omstandighede, en aangesien Ds.Postma 'n besoek bring na die Afrikaners in A. is dit twyfelagtig of die A.A.Kommissie vanjaar 'n besoek predikant sal stuur.Alles is nog so onseker en ons wil graag die raad ook kry van die Sinode. Maar ek sal u 'n kabel stuur as daar enige belangryke besluit geneem word.

Op wat u in u brief skryf van die Kerk eiendom in C.Rivadavia, met die oog op die toekoms, en op u moontlike terugkeer na S.Afrika, word aller ernstig gelet , en die saak sal sekerlik die aandag van die A.A.Kommissie geniet. Mag die Here ons tog in alles lei ! Hy het tot hiertoe gehelp,bewaar en geseen, en Hy is onse hoop ook vir die toekoms.

Miskien is dit goed dat ek u net herinner dat die fondse van ons Kommissie in die laaste tyd gladnie te gunstig staan nie, daarom moet ons ook versigtig wees met ons planne - ek bedoel wat die geestelike bearbeiding betref.

Ds.Piek, wat nou in die gemeente Hendrina is, bly nog 'n baie warme vriend van die Afrikaners in Argentinië. Hy het beloof - as ons dit nodig ag- om op te kom tydens die Sinode en die Sinode toe te spreek ten behoewe die grote saak van die repatriasie.

Ten slotte hoop ek dat dit met al u planne en ook die van Mnr. Conradie, vir die terugkeer na S.Afrika, voorspoedig sal gaan,

Met baie vriendelike groete en alle goeie wense, opreg die uwe,

A.D. Lückhoff.

ant 11/1/36

# Die Algemene Armesorg, Ned. Geref. Kerk, K.P.

*Voorsitter van die Kommissie:*
*Ds. D. P. van Huijssteen,*
*Montagu.*

*Sekretaris:*
*Ds. A. D. Lückhoff,*
*Stellenbosch.*

Stellenbosch, 13 November 1935

Mnr. M.G.G. Visser, Casilla de Correo, 75
Comodoro Rivadavia, Argentina.

Waarde vriend,

Ek het die ontvangs te erken van u brief van 20 Junie, waarvoor hartlik dank!

Ds. Piek het gelukkig net betyds terug gekom uit Europa om ons vergadering by te woon en hy kon die Kommissie toe vertel van sy werk en van die gemeentelike aangeleenthede. Ons het sy toespraak van so veel belang beskou dat ons dit verbatim in ons Notule opgeneem het, soos u seker in die Kerkbode* sal gesien het. (25 Sept.) Ds. Meiring van Die Kerkbode was ook teenwoordig met die bespreking oor die saak. Ek stuur u konfidentieel, 'n afskrif van die Notule wat ons in Die Kerkbode, om goeie redes, verswyg het. U moet dit tog maar vereers as vertroulik beskou. In die eerste plek mag ons A.A. Kommissie die besluit van die laatste Sinode oor die Repatriasie kwessie, nie verontagsaam nie. Ons moet beslis daarmee rekening hou en baie versigtig te werk gaan in die saak. Twedens, wil ons ook vereers nie ons oortuiging en planne openbaar nie, want ons wil die Afrikaners in Argentinie nie met allerhande verwagtinge en miskien valse hoop, inboesem nie. Ons eerste plig sal wees om weer onderhandelinge met die Regering hier aan te knoop ten einde 'n duidelike verstandhouding te tref wat betref vooruitsigte vir die mense wat mag terug kom, op die land, ens.

Oor hierdie saak het ons nog nie die geleentheid gehad om die betrokke Ministers te sien nie. Hulle is in Pretoria en dit gaan baie moeilik om hulle in die hande te kry. Nou is dit ons duidelik dat ons sal moet wag totdat die Parlement wees in Kaapstad sit, want dan het ons beter kanse om hulle te ontmoet en die hele kwessie met hulle te bespreek.

Ek hou dan ook in gedagte dat u baie graag informasie vir uself wil hê insake vooruitsigte hier in S.Afrika op Regeringsskemas. Daar is nou aan die bou enige nuwe Besproeiingsskemas maar die bestaande nedersettinge is almal al vol en is daar nie meer erwe verkrygbaar nie.

Daar is egter 'n ander vooruitsig vir u wat moet genoem word. Op die Arbeidskolonie, Kakamas, die nedersetting van ons Kerk, val daar nou en dan erwe ope vir aankoop, en daar kan bes moontlik 'n kans vir u wees om so'n erf in hande te kry, maar dit sal beteken 'n koopsom van miskien £300 pond of meer. As u 'n bietjie kapitaal sal hê wanneer u in S.A. aanland, sal dit sake natuurlik baie vergemaklik en ek kan intussen by die Kakamas Kommissie ondersoek doen watter kanse daar vir u sal wees. Ek sal bly wees om van u te hoor of daar 'n moontlikheid bestaan dat u instaat sal wees om 'n erf op Kakamas aan te koop.

Ons is baie jammer dat ons nie weer 'n leraar en opvolger van Ds. Piek kan stuur nie en dat ons maar hierdie keer weer 'n besoek-predikant moet stuur. Ons het wel ons bes gedoen in die saak maar sonder sukses. Die versoek van die Kerkraad dat ons weer vir Ds. Piek moes vra het 'n ernstige vertraging veroorsaak, want ons moes wag totdat hy teruggekom het, en intussen moes ons die soek na iemand anders staak.

Ons hoop egter dat Ds. Klopper net so gewild sal wees as Ds. Piek! Hy was vir byna twee jaar hulpprediker in die gemeente Robertson, en nou dat Ds. Kotze die beroep daarheen aanvaar het, was sy dienste beskikbaar en was hy ook dadelik bereid om na Argentinie te gaan. Ds. Klopper het baie goeie en getroue werk in Robertson gedoen en die gemeente het ook swaar van hom afskeid geneem laaste Sondag. Hy sou seker daar beroep geword het maar daar die gemeente reeds 'n jong man het as leraar wou hulle liewer 'n ouere predikant as twede leraar beroep.

Met vriendelike groete en alle goeie wense, opreg die uwe,

A.D. Lückhoff

# Die Algemene Armesorg, Ned. Geref. Kerk, K.P.

*Voorsitter van die Kommissie:*
*Ds. D. P. van Huijssteen,*
*Montagu.*

*Sekretaris:*
*Ds. A. D. Lückhoff,*
*Stellenbosch.*

*Stellenbosch,* 12 Junie 19 37

Mnr. M. G. G. Visser, Cas. de Cor. 75, Comodoro Rivadavia
Chubut, Argentina.

Waarde Broeder,
Ek het die ontvangs te erken van u
twee briewe per lugpos van datums 9 en 15de Mei, waarvoor hartelik dank!

1. Dankie vir die brief wat S. Postma in 1935 aan u geskryf het! Ons mag
dit nodig kry, maar dis 'n te lang storie en ek sal liewer met 'n later
geleentheid vir u meer van die saak vertel. Hy het 'n lang brief uit B.
Aires aan Gen. Hertzog geskryf teen die repatriasie beweging, ~~wak~~ en daar-
die brief wat u gestuur het, bewys ten volle hoe onbevoegd hy is om 'n
oordeel oor sulke sake te gee. Hou dit maar vereers vertrouelik asseb.!

2. Ek is alte jammer dat u so'n lelike bok geskiet het in u bereken-
ing van die koste wat nodig sal wees om die ses families, waarvan meld-
ing gemaak was in vorige briewe van u !! Ek het duidelik in my brief
gevra vir die volle koste van C. Rivadavia na B. Aires en ook na Kaapstad.
en nou ontdek ek dat u beraming nie die koste insluit van B. Aires na
Kaapstad nie. Ons was aangenaam verras toe ons van die 2000 pesos hoor,
en die A. A. Kommissie het dadelik daarop besluit dat ek die geld moet
aanstuur sodat die families in Julie kan ~~ek~~ terugkom, maar nou sal ons
eers moet wag. Volgens tarief van die Japanese Maatskappy is die passaat
van B. Aires na Kaapstad vreeslik hoog- special third class £20 ! (ponde)
Dit sal beteken dat die koste vir die 21 siele, behalwe die 2000 pesos
nog omtrent £400 (ponde) sal wees en daarvoor is ons Kommissie nog nie
instaat nie, aangesien ons nog nie ons Oproep vir Repatriasie Fondse
gedoen het nie. Ons wou die Oproep in die Kerkbode van hierdie week
gedoen het maar, op versoek van die Sending Sekretaris, het ons besluit
om 'n paar weke te wag. Die Sending maak nou 'n groot poging -pennie
fonds- en ons wil hulle nie in die wiele ry nie.
Ons onderhandel nog net die Japanese Maatskappy en ek wil ook ver-
neem of daar moontlikheid is dat die Duitse Bote ons sal kan tegemoet
kom. Nou laas het Sara Visser en haar man (Waage) met 'n Duitse boot
teruggekom, maar ek verstaan van haar dat daardie bote slegs 'n paar
passasiers kan neem -hulle is vragbote.

3. Ek het, soos u seker ook weet, briewe gehad van Mnr. Conradie om te
vertel van hulle planne. Nou vind ek uit dat die Arabia Maru, waarmee die
geselskap van B. Aires kom, hier verwag word Saterdag, 19de. Ek sal on-
gelukkig eers die aand van daardie dag kan terug wees van 'n besoek na
Namakwaland, maar ons sal sorg dat daar vriende is om die geselsskap te
ontmoet as hulle aanland, en ek self dal so gou moontlik na Kaapstad
gaan om hulle te sien. Soos u se, sal ek van Mnr. Conradie baie nuttige in
formasie kry in verband met die Repatriasie beweging en miskien is dit
goed dat ons liewer wag totdat hy kom voordat ons die OPROEP publiseer,
Ons sal ons bes doen om hulp te kry in verband met die vyf kinders
van sy dogter Mev. Henning wat hy meebring. Maar die Transvaal is nie
in die gebied van die werksaamhede van my A. A. Kommissie nie, en Mnr. C.
gaan na Potchefstroom, soos hy skryf.

4. Wat die moeilikhede betref in verband met die vereiste dat alle
in Argentinie genaturaliseerde burgers betref, het ek dadelik met die
Departement van Binnelandse Sake van die Unie onderhandel en lede van die
Immigrasie Raad ook gesien. Dit is korrek dat al sulke persone voorsien
moet wees van 'n Permit van die Unie voordat hulle hier kan aanland,
maar, as uitslag van ons onderhandelinge mag sulke persone deur ons
Kommissie hulle applikasies instuur, en ons sal dit weer aanstuur na
Pretoria en probeer om sake so veel moontlik te bespoedig. Dit sal dan
nie nodig wees om die papiere deur die Britse Konsul in B. Aires te laat
stuur nie. Ek stuur u 'n aantal sulke applikasie Vorms en u kan dit
uitdeel. Al wat nodig is sal wees dat die vorms baie noukeurig ingevul
word voordat hulle aan my gestuur word. Ek het ook die versekering van
lede van die Immigrasie Raad gekry dat daar geen oponthoud sal wees
as hulle eers die papiere in hande het.

5. Wat voorsiening betref vir 'n Predikant vir die gemeente Chubut- het ek goeie nuus, waaroor u seker baie bly en dankbaar sal wees.

Di A.A.Kommissie het op sy laaste vergadering, 31 Mei, besluit om Ds.W. B.Loubser van die gemeente Boegoeberg, namens die Kerkraad van Chubut, te beroep; en volgens ons onderhandelinge met hom, blyk dit dat hy gewillig sal wees om vir twee jare te gaan. Hy is 'n beproefde jong predikant en die Kommissie het 'n groot vertroue in hom-vir die laaste 6 jare werk hy in verband met die Kommissie en vir twee jaar is hy nou prdikant van die gemeente Boegoeberg, regeringsnedersetting. Hy is getroud maar sal nie sy vrou en seuntjie (5 jaar ) meeneem nie. My voorstel is dat hy drie maande vakansie moet neem aanstaande winter, 1938, en dan na Europa gaan en sy vroutjie kan hom dan daar ontmoet. My Kommissie vind die voorstel goed. Hoe graag ons sou wil sien dat Ds.Loubser reeds in Julie vertrek vrees ek dat hy nie sal kan wegkom voor Augustus nie, maar seker nie later nie. Die La Plata Maru seil 28 Julie, arriveer B.A.14 Aug

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ,, | Hawaii Maru | ,, 12 Aug. | ,, ,, | 25 Aug. |
| ,, | Buenos Aires Maru | ,,23 Aug. | ,, ,, | 9 Sept. |

Dit sou alte goed gewees het as Ds.Loubser reeds met die La Plata Maru kan vertrek maar ek twyfel. In enig geval ek sal u betyd 'n kabel stuur.

Voorts sal ek u as Scriba van die Kerkraad, 'n offisiële brief stuur oor die saak en oor voorwaardes van die saak, sodan ons van Ds,L.kennis kry dat hy die beroep aangeneem het, Die beroep word aangekondig in Die Kerkbode van aanstaande Dinsdag. 15 of 16 Junie.

Ek kan net nog dit se dat met die oog veral ook op die Repatriasie Beweging het die A,A.Kommissie gevoel dat ons die beste man moet stuur wat ons kan kry, en die Kommissie sal hom dan ook 'n veel beter salaris aanbied as wat Ds.Piek en Ds,Klopper gehad het. Verder sal ons verwag dat die ou verstandhouding tussen die Kerkraad en die Kommissie, en wat vir Ds.Piek en Ds.Klopper gegeld het, ook sal geld vir Ds.Loubser.

6) Wat die Adviserende Plaaslike Kommissie betref, is die A.A.Kommissie tevrede dat dit voorlopig sal bestaan uit u, en die broeders A.J.Pienaar en Gert van Heerde. Wanneer die nuwe predikant kom kan daar in oorleg met hom 'n nuwe kommissie aangestel word.

7) Ek is bly om al die name te kry van die ses huisgesinne soos in u brief van 15 Mei aangegee. Die Minister van Arbeid het beloof om vrye spoorwegkaartjies te gee vir alle persone wat die Kommissie in die Afhanklike Groepe plaas, sodat hulle sonder oponthoud dadelik na die plekke van hulle bestemming kan gaan.

8) Soos ek reeds aan u laas geskryf het -ek meen so!- mag hoofde van terugkerende huisgesinne reeds uit Argentinië aansoek doen vir opname op die Regerings nedersettings in die Unie: Drie nedersettinge word genoem:

1. Olifantsrivier VanRhynsdorp Distrik, K.P.
2. Vaal-Hartz skema, Warrenton, K.P.
3. Rust Der Winter, Skema in Transvaal.

Ek stuur ook 'n paar van die Applikasie vorms sodat u op hoogte van sake kan wees. Dit is 'n groot konsessie van ons Rgering dat applikante reeds vanuit Argentinië applikasie mag maak. Eers wou hulle dit nie toestaan nie en wou hulle hê die persoon moet eers hier aanland in S.Afrika voor hy mag applikasie maak.

9) Op eèn punt moet ons as A.A.Kommissie met alle ers wys in verband met die Repatriasie beweging. Ons beloof niks aan iemand nie : ons wil net alles in ons vermoeë doen om die arm en afhanklike families te help terug kom. Maar die Kerk kan en mag geen verantwoordelikheid aanvaar vir die toekoms van die terugkerendes nie. Ons beskik nie oor middels vir sodanige verantwoordelikheid nie. Ons sal die mense help om in aanraking met die Regering te kom en om ten volle gebruik te maak van al die voorsiening wat onder bestaande nedersettingswette gemaak is en sodat hulle op die grond sal kan kom. Maar ons moet klem lê op die feit dat die terugkerendes bereid moet wees om self skouer aan die wiel te sit en uit te roer vir al wat hul werd is. 'n Lui lekker lewe is hier glad buite te kwessie.

10. Ek het gelet op wat u skryf rè die moeilikheid waarin Gert Malan en die seun van Faan v.d.Walt hulle bevind. As hulle nog nie die nodige permitte kon kry nie moet u maar dadelik vir hulle elk 'n Vorm gee wat ek aanstuur.

Met vriendelike groete, opreg die uwe,

A.D. Luckhoff

P.S. Nog 'n besluit oor die stuur van 'n Oud [illegible].

# Die Algemene Armesorg, Ned. Geref. Kerk, K.P.

*Voorsitter van die Kommissie:*
*Ds. D. P. van Huijssteen,*
*Montagu.*

*Sekretaris:*
*Ds. A. D. Lückhoff,*
*Stellenbosch.*

Stellenbosch, 2 Maart 1938

Ds.W.B.Loubser, Cas.de Cor. 75, C.Rivadavia,
Argentina.

Liewe Broeder,

Die laaste geselskap-20 siele - het dan ook veilig aangekom- die skip was 'n dag of twee laat weens digte mis. Hulle het maar baie swakke behandeling op die Hawii Maru gehad, min kos en ook slegte kos, en ek het 'n baie kwaai brief gerig na Ellerman en Bucknall om te kla. U kan ook u attensie aan die saak gee en aan die B.A.mense skryf.

Gunn is ook veilig aangekom en ek het hom reggehlep en die £47 gegee en hy was saam op ons koste by die Peoples Palace vir 'n paar dae, en toe het ek hom gehelp met sy kaartjie na Australie, want ek was sterk van mening dat hy verstandiger sou handel om maar weer daarheen te gaan aangesien hy daar bekend is en ook 'n broer daar het wat hom kan reg help.

Ons het die mense 'n klein ontvangs gegee in die Hug.geboue, en na vier dae het ons hulle almal geneem na die Tehuis De Rust Durbanville waar hulle nog is totdat ons vir hulle 'n tydelike heenkome kan vind erens.

Uit u kabel en briewe kon ek nie wys word wie almal in die geselskap was nie en ek het 'n Blackie seun verwag en nie die groot familie nie! Wel, ons moet nou maar ons bes doen en op die Here vertrou. Die mense is baie aangenaam en hulle maak oorals 'n goeie indruk. Ek moet vandag vir Ds van de Merwe oor die foon vra of hy die kindjie van de Boer sal doop en die twee Blackie kinders sal voorstel. Die gemeente Durbanville sal seker baie belang stel in die saak as dit kan geskied.

2. Ek het toe self gegaan om Mnr.de Wet [Binnelandse Sake] te sien oor u brief re die voorstel wat u maak in verband met die kinders van Argentynse burgers wat nie doopseels kan toon nie. Mnr de Wet het u brief geneem en my gese hy wil kyk wat hy kan doen in die saak, en gister het ek hom toe weer gaan sien. Hy se, goed, hulle sal aan u versoek voldoen maar op voorwaarde dat u bytyds die name stuur-seker per kabel- sodat hy die Immigrasie Outoriteite in Kaapstad kan opdrag gee om hulle toe te laat. Ek het hom beloof dat dit net sal geld die kinders van ouers wat ook mee kom en soos u van vertel het.

Ek het vir Ellermann en Bucknall gesien oor die voorstel dat hulle aan hulle verteenwoordigers in B.Aires 'n kabel oor die saak sal stuur met die woorde wat u voorstel; "Permits granted", maar, soos ek verwag het, maak hulle beswaar. Hulle sal egter aan hul mense in B.Aires skryf in die voeë soos ek verduidelik het en vir hulle gerus stel dat die Unie Outoriteite aan ons beloof het dat hulle die kinders sonder pasporte sal toelaat om te land.

Ek hoop u is tevrede en dat ek die saak duidelik uiteengesit het.

3. Ek het u laas geskryf van ons onderhandelinge met die Regering en glo kopie van brief aan Gen Hertzog ingesluit. Wel, na baie stampe en stote en deputasie, het die Regering tog ingestem om £2000 beskikbaar te stel in verband met die onderhoud van huisgesinne gedurende die tydperk na hulle aangeland het en vir hulle 'n vaste heenkome kan verkry word. Ek het u toe gekabel op 11 Febr. in antwoord op u kabel van 9de:-

Favourable issue negotiations Hertzog you may send most urgent cases families both groups Arizona Maru say about 50 souls.

'n Paar dae gelede het Ellerman my opgebel om te se dat kabel ontvang is dat 17 persone, 11 waarvan volwassenes, met die Arizona Maru sal kom en dat die passaat £247 kos- ons het dadelik dit inbetaal en toe tyding gekry dat dit te veel was en dat hulle restitusie sal doen. Egter het ons somar die volgende dag berig gekry dat daar nog 'n paar mense kom en dat ons nog £28-1/- moet inbetaal, wat ons toe ook dadelik gedoen het.

Nou weet ek nie presies wat om te verwag met die volgende skip nie! Soos ek u kabel lees dan is daar familie Venter met 6 kinders en dan die res almal van die onafhanklike groep, nege Vorsters en na familie hier, ses Cloetes, twee Krugers en miskien die McGregors. Maar dit maak veel meer uit as 20 siele!

Noudat ons versekerd is van finansiële steun van die Regering ten behoewe van die mense na hulle hier aankom, sal ons meer gerus wees, hoewel dit daarem 'n baie groot verantwoordelikheid is wat op ons rus. U sal u herinner dat in ons Skema ons baie duidelik verklaar het dat ons geen

verantwoordelikheid kon aanvaar na die mense hier aanland nie. Ons het nou van ons eerste beleid afgewyk onder die drang van u briewe en kabels maar niettemin is dit vir my 'n baie ernstige saak en gee dit my grys hare.! Ek sluit in 'n stuk wat ek na die Kerkbode stuur vir die volge. Uitgawe.

4. Met betrekking tot die kwessie van opname op die Regeringsnedersettinge. Na onderhoud met Mnr.Rudd gister in Kaapstad neem ek al die applikasies wat tot datum ontvang is, direk enself na die Vaal-Hartz om hulle in hande te stel van Mnr.Thomson die Superintendent. Soos dit my lyk sal die beste kanse wees vir opname as Proefhuurders, om twee redes. Eerstens, die applikasies word nie oorweeg deur die Landsraad nie maar 'n klein plaaslike kommissie onder die Superintendent, en dit sal makliker gaan. 2dens, In die Proefhuurderstelsel word daar onderhoudstoelae gegee vir 'n bepaalde tyd, en dit sal in die geval van die Afrikaners uit Arg. wat verarm geraak het veel beteken.

Ons Kommissie wat 8 Febr, vergader het, het op wenk van Ds.Theron, Olifantsrivier, besluit om die Regering te vra om 'n blok hoewes by die Vaal-Hartz uit te hou vir die families uit Argentinie. Daar is baie daarvoor te se maar Mnr.Rudd se dis buite die wet en kan nie geskied nie. Ook oor hierdie saak het ek ~~met~~ Generaal Smuts 'n onderhoud gehad en hy voel meer vir die ander weg naamlik dat die mense onder andere versprei sal raak. In enig geval ons moet nou met erns begin spook want dit lyk my die Vaal-Hartz sal die beste nedersetting wees. Maar soos u weet gee hulle daar ook maar net die hoewes uit soos die huisies klaar gebou kom.

Daar is een moeilikheid wat ek baie onrustig oor voel, naamlik die ouderdom van sommige applikante! Ek weet nie hoe ons daarby gaan kom nie en in die geval van die Blackies en Myburghs wat laas gekom het, is albei oor die 50 jaar oud!

5. Kerklik: Berig is van die Scriba Sinodi ontvang dat die Sinodale Kommissie verlof gegee het insake die versoek dat M.G.G.Visser as ouderling mag benoem en voorgestel word.

Kerk-eiendom: Ek let op wat u skryf en voorstel in hierdie verband. Dis is baie moeilik vir ons hier om oor die saak te oordeel maar ek sou dink die kwessie behoor oor te staan tot die aller laaste.

Voortbestaan van Gemeente: Hierdie saak met u aanbevelings dink ek behoort voor die aandag van die Ring gebring word met die aanst, sitting.

6. U laaste brief: 28 Jan.1938. Met die beste wil van die wereld kom daar tog misverstand met die kebels! My kabel van 10 Jan. aan u was: Myburgh family and others to families come . En dit het toe by u aangekom as; and others no relatives!! net die teenoorgestelde betekenis! Ek het natuurlik bedoel dat u soveel families kon stuur wat hier na hulle familiebetrekkinge kon gaan.

Om die waarheid te se is ek baie teleurgestel dat daar so min families is wat 'n heenkome by hulle familiebetrekkinge hier kan kry. ~~nie~~. Dit maak vir ons natuurlik die werk en verantwoordelikheid baie groter.

7. Mev.Loubser: Volgens die laaste brief wat ek van u gade gekry het blyk dit dat die plan om na Argentinie te gaan eers weer prys gegee is. Dit is waarlik baie moeilik om te weet wat die beste plan is en miskien is dit verstandig dat sy vereers nog hier bly totdat u meer sekerheid het oor die toekoms en hoe dit met die repatriasie vaar.

Nou, ek moet sluit - more vertrek daar 'n boot en ek is klaar ingepak om na Kuruman en Vaal-Hartz te gaan op kort besoek.

Voorts kan ek u net verseker dat u gedurig in my gedagte en gebede is en mag die Here u genadiglik skenk na al u nooddruf en na die rykdom van sy genade en bystand!

Met vriendelike groete,

geheel die uwe,

A.D. Lückhoff

# Die Algemene Armesorg, Ned. Geref. Kerk, K.P.

*Voorsitter van die Kommissie:*
*Ds. D. P. van Huijssteen,*
*Montagu.*

*Sekretaris:*
*Ds. A. D. Lückhoff,*
*Stellenbosch.*

*Stellenbosch,* 20 Maart 1937

Mnr.M.G.G.Visser, Casilla de Correo 75
Comodoro Rivadavia.

Geagte Vriend,

Ek het die ontvangs te erken van u brief van 24 Januarie waarvoor hartelik dank!

1. Die A.A.Kommissie het verlede week besluit om dadelik te soek na 'n geskikte predikant wat na die gemeente Chubut sal gaan onder dieselfde voorwaardes as Ds.Piek, maar net met die plan dat hy desnoods langer sal bly. Ons veronderstel dat die ooreenkoms tussen die Kerkraad en die A.A.Kommissie nog van krag is, naamlik dat die Kerkraad dit aan die Kommissie opdra om 'n predikant vir die gemeente te stuur, wat behoorlik georden en bevestig sal wees tot die diens as predikant en leraar van die gemeente Chubut.

Ons weet nie presies wanneer alles in orde sal wees nie maar met die oog op die repatriasie planne sal die Kommissie graag sien dat hy so gou moontlik sal gaan ; en twyfel egter of ons dit sal reg kry om hom te stuur voor Mei en dit beteken dat hy dan in die winter daar sal aankom. As die Kerkraad meen dat dit beter is dat hy 'n paar maande later sal kom moet u my maar asseblief kabel.

2. Met die repatriasie skema van die Kerk vorder dit ook goed. Volgens opdrag van die Sinode is die A.A.Kommissie nou besig met die saak en ek stuur u kopie van die voorgestelde skema wat nou oorweeg word deur die Moderatuur. Sodra ons goedkeuring kry sal ons die skema publiseer en 'n Oproep doen vir fondse.

U moet egter kopie wat ek stuur vereers as <u>vertrouelik</u> beskou en ek hoop om met die volgende pos vir u weer te skryf en dan sal dit in orde wees om ons planne aan die Afrikaners in Argentinie bekend te maak. Intussen sal ek bly wees om van u te hoor wie u sou aanbeveel om te dien op die Repatriasie Komitee vir die Boere-gemeenskap. Ons sou aanbeveel dat ook 'n paar lede van die Geref. Kerk wat simpatiek gesind is daarop sal dien. Maar dit moet nie 'n lywige Komitee wees nie - se 5 of 6 lede. Die predikant wat ons hoop om te stuur sal daarop ook moet dien.

Ek het gelet om wat u skryf re reels te tref met 'n Bank in verband met die finansiele kant van die saak.

Ook merk ek dat u die name gee van 'n dertiental families wat gereed is om dadelik terug te kom. Ek begryp ook dat dit miskien moeilik sal gaan om te bepaal wie die voorkeur moet kry - maar met tyd kom raad en 'n weg sal wel gevind word in die saak.

3. Van Mnr.Conradie het ek 'n brief oor die nuwe bepalinge van die Regering insake pasporte vir alle kinders bo 4 jaar- en ek kan goed verstaan dat dit weer moeilikheid sal veroorsaak en koste ook.

Maandag het ek 'n onderhoud met Generaal Hertzog en ek sal daardie saak ook met hom bespreek.

4. Ek is bly om te sien dat u met die skeepsmaatskappy in onderhandeling was oor die vervoer van C.Rivadavia na B.Aires. Die vergunning van afslag sal baie beteken en seker 'n aansienlike geldelike besparing wees.

5. Ek het die verslag van die vergadering op Brakpan wat u gestuur het aan Ds.van Huyssteen oorhandig vir sy attensie.

6. Van Ds.Postma het ek nog verder niks gehoor nie - hy was glo 'n paar dae in Kaapstad na sy aankoms maar is nou reeds vertrek na Burgersdorp. Ons weet nog glad nie wat die Geref.Kerk hier sal geageer op osn planne met die repatriasie nie.

Met vriendelike groete, opreg die uwe A.D.Lückhoff

P.S. Ek skryf aan Mnr Conradie ook - laat hom insage kry v.d. skema asseb.